


## Hoekom ek Saterdag kerk toe gaan

My Saterdag-kerkbywoning stryk nie met die Christelike tradisie van Sondag-onderhouding nie. Baie mense wonder hoe ek so deurmekaar kan wees om op die "verkeerde dag" kerk toe te gaan. Waarom kies ek - en miljoene ander soos ek - Saterdag in plaas van Sondag? Oorweeg hierdie drie redes. Dit mag u verras.

### Een - God se Woord

Ek gaan Saterdag kerk toe, want dit is Bybels en Sondag-kerkbywoning is nie. Alhoewel God elke dag van die week aanbidding verwelkom, het Hy die sewende dag as ŉ spesiale rusdag afgesonder. Hierdie dag word die Sabbat genoem en val op Saterdag. Dit is aan die mensdom gegee tydens die skepping, ongeveer 2 000 jaar voordat die Joodse volk bestaan het (Genesis 2:1-3). Jesus het gesê die "Sabbat is vir die mens gemaak " - nie net vir die Jode nie (Markus 2:27).

Genesis 2:2-3 sê dat God doelbewus op die Sabbat gerus, dit geseën en geheilig het. Dit was om die sewende dag van die ander ses dae te onderskei. Dit is uiters belangrik.

Eerstens benodig ons rus van ons arbeid en tyd om te peins. God het ons so ingestel. Daarom het Hy ons vanaf die eerste sewende dag eenkant toe geneem vir ŉ besondere tyd saam met Hom. Tweedens het God ŉ geestelike seën op die sewende dag geplaas - nie op die ander ses dae nie. Laastens het God dit begrens en dit as ŉ dag aangewys wat geheel en al aan die opbou van ŉ verhouding met Hom gewy moes word.

As ons elke vers in die Bybel oor die Sabbat nagaan, ontdek ons ongelooflike dinge. Gods volk in die Ou Testament het ŉ Sabbatseën ontvang - en onthou, voor Abraham was daar geen Jode nie (Genesis 11:26). Jesus het die Sabbat vereer deur dit elke week te hou (Lukas 4:16). Die dissipels het dit gehou (Handelinge 18:4,11; 16:13). Jesaja 66:23-24 sê dit sal in die hemel en op die nuwe aarde gehou word. Die Bybel bied ŉ ononderbroke siklus van Sabbat-onderhouding aan vanaf die skepping van die mens tot wanneer die aarde herskep sal word.

Hoekom aanbid die meeste Christelike kerke dan op Sondag? Die antwoord - tradisie. U sien, die Bybel sê nêrens dat God die Sabbat van die sewende dag na die eerste dag verander het nie. Die enigste verandering aan God se wet waarna die Skrif verwys, is ŉ poging van ŉ slim binne-aanval op die kerk (Lees Daniël 7:25).

Hierdie verandering het plaasgevind lank nadat die dissipels gesterf het. Teen die derde en vierde eeue het sommige Christene die heidense aanbiddingsdag (Sondag) in Rome en ander plekke gehou waar ŉ kompromis aangegaan is om aan vervolging te ontkom. Namate die kerk in Rome politieke mag gekry en tot die Rooms-Katolieke Kerk ontwikkel het, is Sondag in plaas van die Sabbat amptelik ingestel. Vandag verwys dit na hierdie geskiedkundige feit as bewys dat sy gesag en tradisie bo die duidelike leer van die Skrif verhewe is.

### Twee - Liefde

Sabbatonderhouding is nie wettiesheid nie. "As julle My liefhet, bewaar my gebooie" (Johannes 14:15). Die vierde gebod is nooit deur God verander nie – net deur mense. Aangesien die Sabbat die Bybelse dag vir die weeklikse aanbidding is en Jesus self die Sabbat onderhou het, hou ek die Sabbat uit liefde vir Hom.

Daar is baie redes waarom ek Jesus liefhet en gehoorsaam. Twee hoofredes is dat Hy my Skepper en ook my Herskepper of Verlosser is (Titus 2:14; Johannes 1: 1-3). Jesus het die aarde in ses dae geskape en op die sewende dag gerus. Exodus 31:17 noem dat die Sabbat God se amptelike gedenkteken of 'teken' tussen Hom en sy mense is en dat Hy ons Skepper is.. Net voor Jesus se wederkoms sal ŉ boodskap van God na almal gaan om "Hom te aanbid wat die hemel en die aarde, die see en die waterfonteine gemaak het" (Openbaring 14: 6-7). Elke keer as ek "die Sabbat gedenk om dit te heilig", eer ek my Skepper as die een wat my lewe in sy hand hou (Exodus 20: 8-11).

Jesus het mense nie net geskep nie, Hy verlos hulle ook van sonde. Die Sabbat is ŉ spesiale teken van hierdie verlossing – " ŉ teken tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die Here, is wat hulle heilig "(Esegiël 20:12). Om een keer per week ons daaglikse werk te staak, herinner ons daaraan dat ons nie kan werk om ons ewige verlossing te verdien nie - dit is ŉ gawe van God en ons is geheel en al van Hom afhanklik (Hebreërs 4: 4-10). As ek God nie kan vertrou om een dag per week vir my aardse bestaan te sorg nie, hoe kan ek in eerlikheid sê dat ek Hom vir my ewige lewe vertrou?

Elke Sabbat herinner my aan Jesus se liefde vir ons deur die skepping en verlossing. Net soos herdenkings ons liefde vir die wat naaste aan ons is sal hernu, herinner die sewende dag Sabbat ons aan God se liefde en ons totale afhanklikheid van Hom vir ons lewe - ons lewe in hierdie wêreld en in die hiernamaals.

### Drie - Ervaring

Die derde rede waarom ek die Sabbat hou, is omdat ek op Jesus se uitnodiging gereageer het om Hom te toets en te kyk of Sy Woord waar is.
God nooi ons dikwels uit om Hom te toets. Een sodanige geval is in Maleagi 3 waar Hy ons uitdaag om een tiende van ons inkomste aan Hom te gee. Hy beloof om ŉ oorvloedige seën uit te stort op diegene wat dit aanvaar.

Die Sabbat is ook so ŉ uitdaging. God nooi ons om vir Hom een sewende van ons tyd te gee. As ons dit doen, belowe Hy om ons te seën. "As jy . . . die Sabbat ŉ verlustiging noem, . . . dan sal jy jou verlustig in die Here "(Jesaja 58:13-14). Ek ervaar hierdie Sabbatseën elke week.

Om op die Sabbat te rus, vernuwe my fisies, verstandelik, sosiaal en geestelik. Dit verwyder die bekommernis oor die laste van die lewe. Ek geniet ononderbroke tyd met my gesin en vriende - tyd wat ons verhoudings lewendig hou. Aanbidding saam met medegelowiges gee my energie. Ek kry insig en inspirasie uit Bybelstudie en preke op die Sabbat.

Die Sabbat gee my ŉ rede om alle aardse werksaamhede elke week te staak. Aangesien dit God se opdrag is, kan ons nie ŉ kompromis aangaan vir ŉ dringende projek by die werk of enige ander saak wat kan opduik nie. Dit verhoed dat die Sabbatrus net ŉ goeie bedoeling is waarby ek eendag sal uitkom. Dit is God se opdrag – ek vra geen vrae nie - daarom doen ek dit graag en laat alles vir die ander ses dae oorstaan, soos God sê.

Ek het uitgevind dat Jesus se woorde waar is. Hy het die Sabbat vir die mens gemaak (Markus 2:28).

Dit beteken, die Sabbat is nie iets wat God áán ons doen nie, maar is iets wonderlik wat Hy vír ons doen. In hierdie besige tyd waarin ons leef, waardeer ek al die positiewe Sabbatseëninge van hierdie wonderlike gawe uit God se liefdevolle Vaderhart.

Ek besef dat dit vir u vreemd is dat ek Saterdag kerk toe gaan. Nou weet u egter dat ek dit doen omdat ek my daartoe verbind het om die Bybel te volg. Ek is lief vir Jesus as my Skepper en Verlosser en ek het God se Sabbatseën ontdek. U kan ook hierdie wonderlike ervaring geniet. As u wil weet hóé of meer inligting wil hê, kontak gerus vir GLOW en hulle sal u help.

---

*Gaan gerus na glowonline.org/dan7, item 24

Skrifaanhalings kom uit die Bybel in Afrikaans, 1953.
© Bybelgenootskap van Suid-Afrika, 1953.
Gebruik met toestemming.
Voorblad-ontwerp: ©www.typofire.com

GEE LIG AAN ONS WÊRELD

**Meer oor hierdie onderwerp**

Kyk na: www.hopetv.org/glow

HopeChannel
Kyk Hope-Kanaal op u TV
0860-467-388

**Vir gratis Bybelstudies en leesstof, kontak:**

E-pos: info.glowsa@gmail.com
Tel: (011) 616-6800
GLOW, Posbus 75700, Garden View 2047, RSA
**africa.glowonline.org**